Energieverbruikers is eintlike sondaars

Die berig “Sasol, Eskom sal SA se groen-lot bepaal” in Sake24 op 11 Augustus verwys.

Om Eskom en Sasol voor te hou as “die grootste vrystellers van mensgegenereerde kweekhuisgasse in die land” is soos om die regters te verwyt omdat hulle die tronke volstop met rowers, moordenaars en verkragters – hulle doen tog maar net wat die owerheid hulle verplig om te doen.

Wat ons moet doen, is om die hoeveelheid gewraakte gasse wat vrygestel word te verdeel onder die verbruikers van Eskom se krag en Sasol se petrol en diesel. In die geval van Eskom is dit volgens die berig 1 kg gas per KWh verbruik (dis die getal op jou meter).

Jy as verbruiker moet ook pa staan vir die krag wat verbruik word om jou kos te produseer, te vervoer, verpak, verkoel en boonop die gebruik in die winkel, die adverteerders en dan nog om die afval en leë blikke, plastiek en bottels te verwyder en te verwerk.

Jy moet dieselfde sommetjie maak ten opsigte van jou klere, gereedskap, meubels, selfs jou huis. Wat van die straatligte?

Die kragverbruik deur die staat om jou ter wille te wees, hospitale, vliegtuie – die lys is eindeloos.

Om ’n nulkoolstof-voetspoor te laat, moet mens lewe soos die oorspronklike inwoners van die land: jy eet vrugte van die veld af en van die diere wat jy jag, dra velklere en bly in grotte of skuilings van velle en bosse.

Maar dis tog onmoontlik.

Wat elkeen moet doen, is om energie so effektief moontlik te gebruik en die enigste manier wat werklik resultate lewer, is om jou elektrisiteitsmeter elke oggend op dieselfde tyd te lees en die syfers neer te skryf. Probeer nou enige bekende manier om daardie syfer af te bring. En as jy nie bereid is om jou lewenstyl te verander nie, sal jy nie slaag nie.

Om hierdie besoedeling waartoe ons elkeen bydra teen te werk, is daar ook net een manier en dit is om so veel moontlik bome te plant. Hoekom sukkel ons nog met grasperke? Behalwe dat die gras verskriklik water mors en nooit toegelaat word om behoorlik te groei en so koolsuurgas op te neem nie, moet dit kort-kort gesny word met ’n masjien wat groot hoeveelhede energie gebruik, hetsy van Eskom of Sasol.

Eskom en Sasol moet eerder miljoene hektaar bome plant. Die oostelike helfte van die land kan meer bome huisves as wat nodig is om hul totale koolsuurgas-produksie te neutraliseer.

Nelson Adams,
Brackenfell

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published